Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #10 15 Maart 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Vrou, daar is jou seun... Seun, daar is jou moeder

Sing: Lied 151:1,2
Sing: Ps 146-1:3,5,7
Sing: Ps 146-1:8 (Kinderbegeleiding)
Sing: Sb 2-4:1,3
Skriflesing: Johannes 19:17-27 **Teks:** Johannes 19:26,27
Sing: Lied 334:1,2,3,4
Sing: Sb 5-1:1,2,3
Amen: Sb 13-3

11:30 International Service

Benjamin Zulu

Theme: God's great work of redemption leads us to *praise* Him
Scripture reading: Psalm 111:1-10 **Text verses:** Psalm 111:1-2a,9

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

Sing: Ps 68-1:1, 9
Sing: Lied 245:1-3
Sing: Ps 116-2:1-3
Sing: Lied 163:1
Skriflesing: Markus 15:33-41 **Teks:** Markus 15: 34

Nagmaal

Sing: Sb 17-3: 1, 2
Sing: Sb 5-4:1-6
Amen: Sb 13-1

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Fritz Mountjoy en Braam Pieterse	Diaken: Hanlie Steyn

Bult INKYK

Dwelms op die Bult

Ons beplan vir Sondagaand 22 Maart om 18:00 'n Bult INKYK.
Ons wil graag INKYK

- **op wat in ons gemeenskap aangaan**
  Ons het hierdie keer lede van die Gemeenskapspolisieëringsforum(GPF) genooi om bewusmaking te doen oor dwelms op die Bult.
- **op wat die Here sê in sy Woord**
  Ons wil graag saam as gelowiges die Here aanbid en vanuit sy Woord perspektief op ons omstandighede ontvang.
- **op hoe ons kan reageer**
  Ons hoop om beter te verstaan, wat op die Bult aangaan, sodat ons kan bid vir ons en al die mense van die Bult. Ons wil graag 'n veilige ruimte gee, waar ons en alle mense die evangelie kan hoor, en beleef in egte verhoudings.

Kom wees deel van hierdie Bult INKYK. Ons wil in besonder ons hoërskoolkinders en hulle ouers na hierdie geleentheid nooi.
As jy weet van nog aktiwiteite op die Bult (positief/negatief), waarop ons volgende keer kan INKYK, gesels asb met die predikante of Chris Vorster (081-270-8023).

Bring asb leë joghurthouers (groot) na die kerkkantoor vir die Sopkombuis.

Liefdegawes

by die deure

15 Maart
Oggend: Simonversorgingstrust
Aand: Meelewingsfonds
22 Maart
Oggend: GKSA Sustentasiefonds
Aand: Meelewingsfonds
29 Maart
Oggend: Bystandsfonds vir Diakonie
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Waarvoor word vandag se Liefdegawes gebruik?

Simonversorgingstrust

Aangesien Simon Coetzee nooit vir homself sal kan sorg nie het daar uit die inisiatief van Potch Noord gemeente en die familie van Simon 'n trust tot stand gekom om voorsiening te maak vir hom en ander nie-selfversorgende mense. Die trust is oor jare opgebou, onder andere deur bydraes wat uit die Kuierkombuis gemaak is. Hoewel die fonds al in so 'n mate gegroei het dat daar reeds uitbetalings vir Simon en ander gemaak kan word, is dit noodsaaklik dat dit aanhou groei om volhoubaarheid te verseker en sodat meer mense gehelp kan word. Navrae oor die trust kan tot Theuns Eloff (082-923-4466) gerig word.

Bediening aan gevangenes

Ons het die geleentheid om 'n bediening aan gevangenes in die Potchefstroom gevangenis te begin. Ons gaan die Christian Bible Institute(CBI) se kursus materiaal gebruik, wat reeds deur verskeie ander Gerformeerde gemeentes in ander gevangenisse gebruik word.
Prakties sou jou betrokkenheid by hierdie bediening beteken, dat jy elke tweede week 'n voltooide werkkaart van 'n gevangene sal merk (vanuit die gids wat jy sal ontvang) en dan ook vir die gevangene 'n brief van bemoediging sal skryf. Een persoon sal dan aan die einde van die week al die werkkaarte en briewe terugneem na die gevangenes.
Hierdie is 'n bediening wat jy vanuit Eikelaan of jou koshuiskamer of jou eetkamertafel gedoen kan word.
As jy belangstel en moontlik wil deelword kom na die inligtingsessie Maandag 23 Maart 17:15-18:00 in die G5 Koffiekamer, wanneer een van CBI se lede vanuit Pretoria alles vir ons sal verduidelik.

Baie dankie

Liewe Bult familie
Ja, dis waar, ons kind Tertia is dood, maar sy het nie gesterf nie. SY LEEF.
Maar wat nou verder hier op die ou aarde? Die foon lui onophoudelik, die selfoon lui onophoudelik, smse, dis van heel naby tot van heel ver; sovele mense oud en jonk. Die wêreld is werklik 'n "global village"!
Die vriende, familie, bekendes en onbekendes kom besoek, en bring die mooiste blomme, plante, en heerlikste etes en happies. Kaartjies kom met pratige boodskappe. Elkeen op sy eie presiese tyd! Alles is druppels van troos wat val in die bitter glas van hartseer en verlange.
Toe weet ons weer, GOD IS LIEFDE! En die LIEFDE van GOD kom in sovele vorms, 'n woord, 'n traan, 'n drukkie, 'n stil kykie, 'n blom, 'n blaar. 'n sout happie, 'n soet happie... Dis orals en altyd beskikbaar. Ons moet net ons oë, ore, verstand, emosies oop laat gaan en ontvang. Is dit nie dan soos die blindes wat begin sien en die dowes wat begin hoor nie?
Les na les stroom oor ons. Heerlik om LIEFDE te ontvang, in te neem, te voel, te geniet...!
En dan weer die boodskap. Laat die LIEFDE deur ons vloei, maak oop die kanale, laat dit stroom. Hoe meer dit deurvloei, hoe meer ontvang ons!
Hier op aarde het elke mens GOD SE LIEFDE so bitter nodig! Kom ons laat dit vrylik der ons elkeen vloei!
Baie dankie aan almal!
LIEFDE
Charles en Elsimarie Williams

NWU-TURBULENSIE

Ons dink aan almal wat op een of ander manier betrokke is by die bestuur van die NWU en die PUK-Kampus in die tyd van beslissende vergaderings en beplanning. Dit sluit studentleiers, dekane en ander lidmate in. Mag die Here vir julle wysheid, nugterheid en die regte gesindheid gee in die tyd. Geen mens het die toekoms in sy hande nie, maar in vertroue op die Here word ons geroep om in verantwoordelikheid te beplan met die oog op die toekoms.

Verjaarsdae

Vandag, 15 Maart

Koos Grobler	082-920-8277
Ben van der Schyff	083-415-9026

Maandag, 16 Maart

Babie van der Walt (81)	061-233-9813
Louise Wyma	082-336-8466

Dinsdag, 17 Maart

Susan Campher	083-335-7731

Woensdag, 18 Maart

Elsa Els	082-460-0939

Donderdag, 19 Maart

Marinus Keyser	072-720-9375

Vrydag, 20 Maart

Monty Jacobs	083-468-2729
Anri Loggenberg	079-525-3102
Esmi Muller (21)	071-689-9216

Saterdag, 21 Maart

Matthys Coetzee	072-383-0282
Alicia Klem	084-920-3500

Ons straatkinders & Thakaneng 1

Naby die hek van Ikageng, langs die SAS-SA-gebou, is *Thakaneng* ('n vriend-plek). Dis hier waar aan straatkinders aandag gegee word. Die personeel is toegewyde spesialiste wat 'n beperkte aantal kinders kan versorg, maar nie een kan wegwys nie, al het hulle eintlik te min geld om te doen wat hulle werklik wil doen. (Die staat verskaf slegs 60% van hulle geld.)
Die kinders kom uit baie moelike huislike omstandighede, dis hoekom die strate hul 'huis' geword het. Hulle is uitgedruk. Daar is nie iets soos 'n: 'stout kind wat sommer net op straat' is nie. Op straat begin hulle bedel, gom snuif en rondloop om kos en skuiling te soek. Hulle is en lyk ellendig, maar ons kan nie maak asof hulle nie omgee, gebede en versorging nodig het nie. (Vir 'n tyd sal gereeld oor straatkinders en *Thakaneng* geskryf word.)

Fanie Jansen van Rensburg

Venterskroon

Kerkkompleks pragtig verbeter

Gedurende 2014 is 'n groot projek aangepak deur lidmate van ons gemeente. Dit het twee verbeteringe aan die geboue waar kerk gehou word, ingesluit. Nadat met die plaaseienaar 'n ooreenkoms gesluit is, is die binnemure van die Kerkgebou uitgebreek en die gebou herstel, nuut uitgeverf en nuwe ruite ingesit. Die koste hieraan was net meer as R8000.00. Van ons lidmate en lidmate van die Venterskroon wyk het ywerig gehelp en daarom kon die koste laag gehou word. Die eienaar het nog 'n gebou beskikbaar gestel en daarin kon aan die eenkant twee toilette aangebring word en aan die ander kant 'n kombuis.

Die grawe werk aan die riool is gratis deur ALS gedoen, maar die installering moes deur 'n loodgieter gedoen word. Die koste aan die hele projek aan hierdie gebou was net oor die R32000.00. Ook hier het van ons lidmate harde werk gedoen om so die koste te beperk. Die uitgawes uit die reserwefonds wat oor 'n lang tydperk bymekaar gemaak is, het die fonds baie laat krimp. Ons is oortuig dat dit noodsaaklik was om vir die lidmate daar toilette op te rig.

Intussen het daar 'n skenking van meer as 200 stoele gekom om die huidige stoele (wat in 'n baie swak toestand was) te vervang. Hieroor kan ons die Here dank. Die opgradering van die kerkplek is 'n wonderlike hulpmiddel om die dienswerk daar te ondersteun.

Teeskinkbeurte

15 Maart
Wyk 28 (Retha van Wyk - 0839671511)
Wyk 30 (Jacoba van Rooy - 0835078567)

22 Maart
Wyk 31 (Elsa Reinecke - 0834580384)
Wyk 33 (Wilma Herbst - 0829657525)

Geen teeskinkbeurte geskeduleer vir die vakansietyd nie.
Enigiemand is welkom om self te reël!

Baie dankie!

BULT kursusse

Ons wil graag deurlopend toerusting vir ons lidmate gee. Die geleenthede is oop vir almal en ons wil graag veral ons nuwe lidmate en belangstellendes uitnooi om hierdie geleenthede by te woon.

Ons het reeds vir al ons nuwe intrekkers **BULT 101** aangebied, wat fokus op wie die gemeente is, en hoe G5 in ons bediening inpas.

Ons volgende kursus is **BULT 102** wat **DV Sondag 19 April** om **16:30** in die G5 Koffiekamer plaasvind. **BULT 102 is 'n geleentheid om jouself weer op te skerp oor die basiese boublokke van ons geloof.**

Ons beplan om BULT 101 en BULT 102 drie keer per jaar aan te bied. Later sal ons nog kursusse byvoeg soos **BULT 103 Waar kom die Bybel vandaan? BULT 201 Hoe doen ons as gesin huisgodsdiens?** En natuurlik sal daar 'n Honneursklas ook wees, **BULT 401 Hoe hanteer ek my aftrede?**

Uitreik na Mauritius

Ek is in graad 11 en 16 jaar oud. Maart vakansie is daar 'n uitreik na Mauritius toe. Ywam (youth with a mission) span het besluit om daarheen te gaan. Drie van ons gaan die span ontmoet in Mauritius. Daar gaan ons met kinders werk en in strate vir mense bid, by kerke praat en doen wat die Here vir ons sê.

Hierdie is vir my 'n geloofstap en eerste uitreik uit die land uit. Ek vertrou dat die Here vir my die nodige geld sal inbring!

Ek bak cupcakes, beskuit, wafels en ander lekkernye. Enige bestellings is welkom.

Kontak my asb. Ek moet R8 500 bymekaar maak.

Bid asb vir my. As jy voel om 'n donasie te gee is dit baie welkom!

Bankbesonderhede:
E C Vorster < 030 584 566
Standerdbank (Potchefstroom tak)
My selnommer 0745740647, en facebook: Andrea Vorster

Liturgiese Werkgroep

Die belewing van die gemeenskap deur ons lidmate saam in en van die erediens vereis dat ons op 'n gereelde grondslag oor alle aspekte hiervan sal besin. Hiervoor het ons die ondersteuning van al ons lidmate nodig en die Liturgiese Werkgroep is 'n forum hiervoor. Daarom word alle lidmate uitgenooi hulle belewenis te deel op enigeen of almal van die volgende maniere:

• Kom word deel van die Liturgiese Werkgroep wat sowat drie keer per jaar ontmoet by die Kerksaal van 19:00 tot 20:30 en die volgende ontmoeting is op 16 Maart 2015.

• Kom neem net deel aan die gesprek van die Liturgiese Werkgroep om spesifieke sake te bespreek.

• Die Liturgiese Werkgroep sal ook graag wil hoor van julle ervarings, behoeftes en bydraes om die belewenis van die erediens op Sondae die belewenis van die erediens van ons lewens te maak.

Dit sal tot voordeel wees van die die intense groei in die geloofsgemeenskap in ons lidmate!

Skakel met die kerkkantoor of Lou van Wyk (084-520-1086).

Verkiesing van beheerrade

Ons is midde in die verkiesing van nuwe beheerrade vir die skole in Potchefstroom. Ouerbetrokkenheid by skole was en is nog altyd van die allergrootste belang en daarom 'n beroep op alle ouers om by die proses betrokke te wees. Ons bid vir die skole in ons onmiddellike omgewing en vir die onderwys in ons land.

Geskenkpakkies vir Venterskroon

Onthou om klere of enige items wat jy nie meer gebruik nie na die kerkkantoor te bring. Ons gaan op die 16e Mei geskenkpakke maak vir die gemeente in Venterskroon.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Plaaslike Bybelverspreiding

Besit jy Bybels wat nie meer gebruik word nie en dalk ook in 'n gehawende toestand (selfs met ontbrekende bladsye) is? Dit word herstel en versprei onder behoeftige persone in Promosa en onder gevangenes. Selfs Engelse Bybels en ander geestelike boeke is welkom. Gee dit asb af by die kerkkantoor teen 23 Maart.

Welkom hier!

Ammi Pelser
079-891-8863

Shané Janse van Rensburg
078-458-1501

Ruaan Klem
071-890-6964

Cila Eloff
074-105-8405



Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

VOORSTELLE vir OUDERLINGE

Name vir moontlike ouderlinge kan nog tot volgende Sondag deurgegee word aan die predikante of kerkkantoor.

Te warm? Te koud?
Waaier af? Waaier aan?

Dankie dat ons mekaar hierin ook tegemoet kan kom.

SPRANKELTEE – 21 MAART 2015

Potchefstroom Dienssentrum bied op Saterdag 21 Maart 2015 om 08:30 vir 09:00 die drie en twintigste Sprankeltee aan. Die tema van die oggend: "Sê dit met woorde"

Plek: Madiba Banketsale

Gaskunstenaar is Dawid Fourie. Gasspreker: Mnr. G.P. van Rheede van Oudtshoorn

Kaartjies @ R160-00 per persoon by die dienssentrum beskikbaar.

Tel. No. 018-2930678 of Sanet se Sel: 082 855 4506.

◇ ADVERTENSIES ◇

In die hartjie van Mooivallei

1 Slaapkamer wooneenheid met stoep en badkamer. Onderdakparkering. Nuwe pad, 1.4 km van Patria-hek. Jong getroudes, Nagraadse of werkende studente. Afgetreede, pensioenaris. Christa Truter: 079-026-1049

HULP GEVRA

'n Behoeftige internasionale student benodig dringend die volgende items:

Yskas • Mikrogolfoond • Enkelbed • Klein boekrak • Fiets • Kombuisware

Kan u moontlik help met enige van dié items?

Kontak asb. Marilda by 072 204 8010

Baie dankie!

Ons wil vir Jan de Kock baie dankie sê dat hy die orrel herstel het nadat die motor uitgebrand het. Dit was baie moeilike werk en ons is dankbaar dat hy die werk met groot sorg gedoen het.

www.youtube.com
/user/gkpotchbult

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

@gkpotchBult
#potchG5
#gkbult

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skribas: Ig Vorster: 082-788-5902
Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molenstraat):
Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kleuterbediening: Marida Coetzee: 084-678-3863
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843

Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Eiendomskommissie: Johan van Dijk: 076-383-9150
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Saalverhurings:
Molenstraat: Kerkkantoor: 018-297-4843
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525
Breekware: Molenstraat: Elma de Kock: 083-302-5282
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG